Skitterskoon
SKOONMAAKDIENSTE

ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

KOERANIA

November 2026 Volume 3 Uitgawe Nr 36



OOM Orania Ontwikkelingsmaatskappy
Bou die stad.
Bou die toekoms!
Pieter Bisschoff:
Inligting en bemarking
+27 (0) 53 030 0000
pieter@ontwikkelorania.co.za

KITSNUUS Lees meer binne

Koffie en Klets - Red
Bl 2

Joost in Roemenië
Bl 2

Orania droom van 'n eie Teater
Bl 3

Menings: Geweld teen vroue
Bl 3

Angel wil verskil maak
Bl 4

Ontmoet OVR-leiers
Bl 5

10 vrae aan Frans jnr
Bl 6

Menings: Klem op plaasaanvalle
Bl 9

Orania Sakekamer
Bl 11

Foto's: Ons Paradys Tuinuitdaging '26
Bl 12

Danskonsert foto's
Bl 14

SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

NOODNOMMERS

Ongevalle | Brand | Veiligheid
060 501 7877 of 053 207 0089

Water & Riool | Elektries

053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 (Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar. Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

Koerania vier 3 jaar!

Van die eerste uitgawe in Desember 2023 tot hierdie November-uitgawe: 36 maande se nuus, mense en mylpale van en vir Orania.



Koerania het in Desember 2023 as 'n klein gemeenskapskoerant begin met een doel: om Orania se eie stories deur Orania se eie mense te vertel. Drie jaar en 36 uitgawes later hou jy hierdie verjaarsdag-uitgawe in jou hand. Elke maand het ons saam gelag, gerou, gevier en gebou. Van karnavalle en sportdae tot huldeblyke, nuwe besighede en die mense agter die stories: Koerania is 'n spieël van 'n gemeenskap wat groei. Ons sê baie dankie aan elke leser wat ons koerant oopslaan – gedruk of digitaal, elke adverteerder wat ons laat voortbestaan, en elke skrywer, fotograaf en rolspeler wat die koerant elke maand moontlik maak. Voort na die volgende 36 maande! Stuur gerus jou nuuswenke, foto's en briewe na redakteur@koerania.co.za en help ons om nog meer van Orania se stories te vertel.
Koerania wil inlig, opvoed en vermaak!

KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden **Grafiese ontwerp: STORM SAGTEWARE** **redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180**



KOFFIE EN KLETS
met die redakteur

Nommer 3 lui kliphard!



Koerania is 3 jaar jonk vandag! Wat as 'n entrepreneurspoging begin het, is 3 jaar later 'n persoonlike anker.
Waarom sal iemand in 'n onsekere mediaklimaat en 'n tyd waarin gedrukte media stoei om die ligte aan te hou, 'n koerant begin? Vir my was dit 'n maklike besluit, want binne 'n unieke klein gemeenskap, praat die mense se stories harder as sekere realiteite. Ja, digitale moontlikhede vergemaklik die voortbestaan en beskikbaarheid van nuus, maar as jou hart harder vir gemeenskapsnuus klop, dan weeg die saak swaar genoeg. Die vraag oor nalatenskap word gereeld in gesprekke geopper en dan kan ek nogal maklik frons, want dit kan tog so verwaand klink as iemand dink dat hy of sy 'n "impak" maak…
Om te dink 100 jaar (of minder) na jou dood word jou naam nooit meer genoem nie, want vele volgende vrolikes is intussen gebore wat elkeen hul eie plekkie probeer volstaan.
Waar laat dit my en jou?
Persoonlik wil ek net hier en nou, in my omgewing, my invloedsfeer, vir my naastes my bes doen om waarde toe te voeg. Sedert Desember 2023 vertel Koerania Oraniërs en mense wat by Orania betrokke is, se stories. Baie het gekom en gegaan, maar hulle stories bly relevant en daar is 'n argief op www.koerania.co.za wat dit deurentyd lewendig hou.
Koos, Sharice en Derrick het al hulle grafiese kundigheid in die uitleg en beplanning gedeel. So 'n nuusbron bly 'n gesamentlike poging tussen gewillige en ondersteunende adverteerders, koördineerders van projekte en gebeure en aktiewe lede binne 'n gemeenskap.
Orania is daardie klein spikkel op 'n wêreldkaart waar gewigtige en grootskaalse werk vir die Afrikaner se behoud en voortbestaan gedoen word. Vir ons taal, ons tradisies en ons trotse kultuur. Klop aan. Wees ingelig. Meld aan!
'n Reuse DANKIE vir 3 jaar! Dankie vir vertroue, vir integriteit en vir deelname.
Ek klink 'n groot beker stomende koffie op Orania! Lank lewe my volk!

Dia van Staden

Orania slaan kishou in Roemeense parlement

Joost Strydom, uitvoerende hoof van die Orania Beweging is tans in Roemenië. Hy het dié week 'n gehoor in die parlement toegespreek waar 55 lande se verteenwoordigers by 'n internasionale kongres teenwoordig was.
Joost het Orania se hoop verwoord.
Sy gasheer is die konserwatiewe party, AUR.
Joost se Orania boodskap:
"Ja, daar is probleme in Suid-Afrika, soos kill the boer, misdaad, korrupsie, en wette soos grondonteiening.
Ons sien ook oplossings. Ons benodig die geleentheid om produktief te wees.
Ons benodig konserwatiewe vriende, veiligheid, belegging en uitvoere."



Joost Strydom tydens sy aanbieding in die Roemeense Parlement.



Joost Strydom met lede van die AUR, Christina Ilie - distrikleier en Senator dr Chritian Vantu - wat die Orania Beweging se amptelike gasheer was.



KONGRES IN KORT

55	lande verteenwoordig by die kongres
PLEK	Roemeense parlement
GASHEER	AUR, die konserwatiewe party
SPREKER	Joost Strydom, Orania Beweging

RUBRIEK Die Wynvlieg waai in

Losprys: Op soek na die Moeder EFF'er

-Wynvlieg Woltemade

Die Wynvlieg loods 'n ondersoek na Orania se rooi raaisel.

Daar is dinge wat 'n mens in Orania verwag: Afrikaans op straat, 'n Toyota-bakkie wat iewers staan of lek, 'n oom met 'n plan en minstens drie mense wat weet hoe die dorpsraad dinge moet doen. Gee 'n Oraniër 'n probleem en hy bel eers sy swaer, begin dan 'n WhatsApp-groep en kry daarna 'n subkomitee aan die gang. Teen die tyd dat die subkomitee sy eerste vergadering hou, is die probleem gewoonlik al opgelos. Maar die komitee bly… en braai.
Maar 'n EFF-stem? Dit laat 'n Oraniër se bloeddruk sommer 'n paar kerwe klim.
Die EFF het weer een stem in Orania gekry. Een. Nie 'n busvrag nie. Nee. Net een kruisie op 'n stembriefie. En dit nadat daar ook in die vorige verkiesing een stem vir die EFF was. Vir mense doer in Suid-Afrika is dit genoeg om die verbeelding behoorlik aan die gang te sit. Nou praat almal.
Die gerugte loop hier ook, en ons moet die ding stop. Die een het by die ander gehoor, iemand het glo iemand gesien en 'n ander weet wie dit beslis nie kan wees nie. Teen die tyd dat 'n storie by Melk en Heuning aankom, het dit gewoonlik al 'n naam, 'n motief en twee getuies wat sweer hulle was daar. Een van hulle was dalk nie eens in Orania nie, maar dit het nog nooit 'n goeie storie gekeer nie.
In Orania is ons gewoond aan oranje. Ons dra dit, vlag daarmee en as dit nodig is, verf ons waarskynlik selfs 'n klip op die koppie daarmee.
Oranje is hier nie bloot 'n kleur nie; dis amper 'n geloofsbelydenis. Rooi verdra ons op 'n tamatie, in 'n goeie Merlot of dalk 'n sonbrand ná 'n lang dag se selfdoen buite. Maar 'n rooi beret? Dit is nou 'n ander storie. 'n Mens wonder of iemand dalk die verkeerde bestelling by die klerebank geplaas het, of die EFF se uniformafdeling 'n uitverkoping gehad het en iemand per ongeluk die verkeerde dorp se adres ingevul het. Dalk moet die dorpsraad voortaan eers 'n kleurtoets doen voordat so 'n bestelling goedgekeur word.
Ek stel hiermee 'n losprys van ϕ1 000 beskikbaar vir bruikbare inligting oor hierdie politieke verskynsel. Ek soek name. Ek soek leidrade. Ek soek iemand wat bereid is om onder eed te verklaar dat hy dit self gesien of gehoor het. Moet asseblief ook nie 'n stembriefie met 'n kringetjie om 'n naam by die koerant instuur nie. Ons probeer 'n raaisel oplos, nie 'n nuwe dorpsvergadering reël nie.
Kom ons wees eerlik: dit help nie veel om die EFF'er self te probeer opspoor nie. Die stembriefie is klaar in die stembus en die skroef is, soos hulle sê, klaar los.
Daar is nie 'n moersleutel in Orania groot genoeg om daardie een weer vas te draai nie. Ons kan hoogstens koffie aanbied en hoop die gesprek is beter as die stemkeuse. Die politieke skade is gedoen. Die koeël is deur die kerk, soos hulle sê – al is dit nou nie juis die soort koeël waarvan die kerk graag praat nie.
Nee, ons soek die Moeder EFF'er! As die skroef klaar los is, wil ons weet waar dit begin het. Wie het hierdie politieke produk grootgemaak? En, belangriker, hoe maak ons seker daar kom nie nog sulkes nie? Ons wil tog nie hê die Moeder EFF'er moet 'n hele werpsel rooi berette grootmaak nie.
Ons is darem 'n Christelike gemeenskap. Ons glo in huisbesoek, bekering en tweede kanse. Die plan is eenvoudig: vind die Moeder EFF'er, stuur 'n ouderling, sit die ketel aan en hou 'n ernstige gesprek. Dalk moet die dominee ook saamgaan. Nie om te veroordeel nie, maar om seker te maak daar is nog 'n kans op 'n wonderwerk. En as die eerste huisbesoek nie help nie, probeer ons weer. As dit steeds nie werk nie, wel, stuur ek self die Heilige Besem in…

Een EFF-stem is vir eers genoeg. Ons het nie nodig dat die volgende geslag ook met 'n rooi beret by die skoolkonsert opdaag nie. Daar is reeds genoeg werk om kinders te leer om hul skoene aan die regte voete te sit, hul Bybel saam te bring en nie hul ouers se WhatsApp-groep as die Heilige Skrif se nuutste hoofstuk te beskou nie. Veral nie die groep waar die oom met die profielfoto van 'n arend elke oggend die politieke nuus en die weer voorspel nie.
Ek's Wynvlieg Woltemade. Van vandag af is ek nie meer net 'n rubriekskrywer nie. Ek is CSI-Koerania. Geen klip, komposhoop, kerkbasaar-tafel of braairooster sal onaangeraak bly totdat die Moeder EFF'er gevind is nie. My vergrootglas is reg, my visier is gestel en die ϕ1 000 lê gereed.
En aan die tannie wat nou skielik haar kantgordyn toetrek: slaap met jou een oog oop. Wynvlieg is op die saak.

★ RUBRIEK ★
GESOEK
DIE MOEDER EFF'ER



Weet jy wie in Orania rooi gestem het? Die Wynvlieg wil hoor.

LOSPRYS
ϕ1 000

— WYNVLIEG IS OP DIE SAAK —

Aangrypende Orania toneel in AfriForum Teater






-Wikus Buys

Na die sukses wat Die Orania Kunsteraad (OKeR) in 2025 geniet het met die opvoering van die stuk van NP Van Wyk Louw, Kruger breek die pad oop, was daar goeie momentum vir hierdie jaar opgebou. Dié toer na meer as tien dorpe om die Kruger beeld na Orania te laat reis, het geblyk dat mense baie belangstel in Orania. OkeR het besef dat Orania se unieke stem ook deur die kunste gehoor moet word. Daardeur wil Orania 'n oop brug gesprek met al die Afrikaners aankweek wat nuwe belangstelling in Orania se idee begin toon. Daar is besluit om die toneelstuk Die vroue in Langenhoven se lewe in die AfriForum teater te gaan opvoer. Die stuk is geskryf deur Roelien de Klerk en die regie is behartig deur Anje Boshoff. Langenhoven is vertolk deur Christiaan van der Merwe en sy vrou Lenie is gespeel deur Esna de Beer. Hulle dogter, Engela, is deur Anella Schuman vertolk. Wat die stuk so uniek maak is dat die volledig 'n Orania produksie is, die oorspronklike teks, die musiek en die toneelspelers. Die menslikheid waarmee die lewe van Langenhoven uitgebeeld is, het opgeval. Die vertoning is deur meer as tweehonderd mense bygewoon, en die kommentaar was oorweldigend positief. Daar is selfs sprake dat die stuk genooi gaan word om in die Kaap opgevoer te word. Met hierdie opvoering het OKeR die kunste in Orania beslis na 'n volgende vlak gevat en nuwe entoesiasme ontsluit om vir die kunste in Orania 'n eie tuiste te bied.


Esna de Beer en Christiaan vd Merwe


Christiaan en Anella Schuman

OKeR teaterhuis: 'n Huis vir die Kunste

Anje Boshoff regisseur van die toneelstuk en voorsitter van OkeR deel die teaterhuis-droom met Koerania tydens 'n gesprek.

Die OKeR Toneelgeselskap is op 6 November by die AfriForum Teater ontvang.

Die gesofistikeerde ligte- en klankstelsels het die beste uit die akteurs en die klarinetspeler na vore gebring. Die gehoor was meelewend en meegevoer deur die verhaal.

Die droom van 'n Orania-teaterhuis het aanklank gevind en het goeie bekendstelling gekry deur die aanbieding van hierdie toneelstuk.

'n Huis is meer as 'n gebou. Dit is 'n plek van beskutting, vorming en behoort; 'n plek waar 'n mens leer, groei, jou voete vind en uiteindelik die wêreld tegemoetgaan. Soos 'n kind 'n stabiele tuiste nodig het om tot sy volle potensiaal te ontwikkel, het die kunste 'n tuiste nodig om te groei en te floreer. Talent speel 'n rol, maar vakmanskap, selfvertroue en volhoubaarheid ontwikkel binne 'n ruimte waar daar geoefen, geleer, geskep, geëksperimenteer en weer probeer kan word.

'n Teaterhuis is daarom veel meer as 'n beskikbare verhoog. Dit is 'n huis vir die verbeelding; 'n plek waar jong talent sy eerste tree gee, waar gevestigde kunstenaars kennis oordra, waar musiek, woord, drama en beeldende kuns saamkom, en waar 'n gemeenskap sy stories kan vertel en bewaar. Dit is 'n plek waar kultuur nie bloot vertoon word nie, maar gevorm, gevoed en van geslag tot geslag oorgedra word.

Die doel is nie bloot om 'n gebou vir die kunste te skep nie, maar om 'n tuiste te vestig – 'n landmerk binne die gemeenskap en 'n visie wat wyer as die gemeenskap kan strek.

'n Huis waar die kunste kan groei. 'n Tuiste waar talent kan behoort. 'n Vertrekpunt vanwaar kunstenaars die wêreld tegemoetgaan.

> *'n Huis is meer as 'n gebou.*
>
> – Anje Boshoff, regisseur en voorsitter van OKeR




Yolandi-mari het op 6 November tydens "Die Vrouens in Langenhoven se lewe" toneelstuk by die AfriForum Teater 'n kunsuitstalling gehou waartydens sy 8 olieverfskilderye en 6 houtskoolsketse met die tema "Verhale van vrouwees" ten toon gestel het.

Sy vertel: "Vrouwees was die inspirasie. Die vrou se stille krag. Haar broosheid. Moederskap. Haar skoonheid."

Die kuns het saam met die toneelstuk gevloei en dit was weereens duidelik dat toneel, musiek en kuns 'n pragtige eenheid kan vorm.

Meer oor die kunstenaar by yolandimari.co.za







MENINGS OPNAME

Geweld teen vroue en kinders word jaarliks gedurende die feestyd uitgelig. Watter raad sou jy vir 'n vrou gee wat daagliks deur geweld in haar huis geteister word?


Marcel Badenhorst

Ken jou waarde. Geen man het die reg om jou sleg te behandel nie. Die wat elke keer die hardste omverskoning vra of vertel hoe verkeerd en hoe jammer hulle is, verander nooit. As iemand die eerste keer lieg, sê: Dit was goed om jou te leerken, vat jou pakkie koekies en gaan. Die oomblik as jy moet verskoning maak vir hoe iemand jou behandel, dit wegpraat of dit moet regverdig, is die skrif teen die muur. Die hartseer is as 'n jongmens in so verhouding is, val hul in die slaggat en raak hul dit gewoond, net om weer in 'n soortgelyke situasie te eindig.

Weet wie JY is, waarvan jy hou en hê jou eie vriende. Trek aan jou tekkies as iemand jou nie jou eie vriende of tyd met jou familie of jou onafhanklikheid gun nie. Daar is nie 'n ding soos gesonde jaloesie nie. Maak seker dat jy jou eie vaardighede en werk het voor jy ernstig raak oor iemand. 'n Mens moet eers na jouself kan kyk. En laaste en die belangrikste: GEEN kind verdien 'n huis waar geweld is nie.

"Vir die kinders se onthalwe" is nie 'n geldige rede om te bly nie.


Susan Nieuwoudt

Kerstyd is vir ons as Afrikaners 'n Christusfees. Vir sommige gesinne beteken dit egter ongelukkig 'n tyd waarin drank oormatig vloei en gesinsgeweld selfs toeneem. Elkeen het 'n keuse om aan ongesonde praktyke deel te neem – hopelik 'n ooglopende keuse wanneer ons kinders se veiligheid ter sprake is. Jy en jou gesin verdien veiligheid tuis. Vroue is soms in moeilike posisies weens finansiële omstandighede of omdat hulle bang is dat niemand hulle sal glo nie. Dink mooi na en besluit of dit wel vir jouself en die kinders beter is om in 'n ongesonde verhouding te bly.

Maatskaplike Dienste in Orania staan gesinne werklik by en help waar daar gesinsgeweld is. Moet nooit ophou veg vir jou gesin nie. Geweld hoort nooit in 'n gesinsopset nie!

JY IS NIE ALLEEN NIE

GBV-hulplyn (24 uur)	0800 428 428
Kinderlyn (Childline)	116
Polisie (SAPS)	10111

Van reisbedryf tot gemeenskapsbou: waar Angel se hart en passie bymekaarkom

Met 'n warm hart vir mense en 'n fyn oog vir geleenthede, is Angel Otto iemand wat glo dat 'n sterker gemeenskap gebou word deur opregte verhoudings, samewerking en omgee. Sy beskryf haarself as 'n mensemens wat maklik met ander skakel en graag nuwe deure vir mense oopmaak. Uit haar jarelange ervaring in die reisbedryf het sy sterk organisasievaardighede, probleemoplossing en die vermoë ontwikkel om mense bymekaar te bring. Vir haar lê die kruispunt tussen haar unieke gawes en haar gemeenskap se behoeftes daarin om haar kennis, netwerk en passie in te span sodat mense saam kan groei en hul volle potensiaal kan bereik. Sy wil nie bloot 'n diens lewer nie, maar deur haar betrokkenheid werklike waarde toevoeg en help bou aan 'n omgewing waar mense vir mekaar omgee en saam vorentoe beweeg.

Wanneer Angel om haar kyk, tref dit haar hoe hartseer dit is wanneer besighede hul deure moet sluit omdat plaaslike ondersteuning soms tekortskiet. Sy glo sterk dat plaaslike aankope en die aanmoediging van gemeenskapsentrepreneurs ondernemings volhoubaar maak en werksgeleenthede beskerm. Met haar ervaring in die reisbedryf en haar wye netwerk wil sy help om nuwe moontlikhede te ontsluit, veral vir jongmense en entrepreneurs. Vir haar beteken volhoubare impak om verder as onmiddellike noodleniging te kyk en mense te bemagtig om op die lang termyn sterker en meer selfstandig te staan. Sy wil iets bou wat oor jare steeds vir haar gemeenskap van waarde bly.

As sy een gesin oor die volgende jaar heeltemal kon transformeer, sou haar fokus val op die bou van 'n huis gegrond op liefde, geloof, respek en gesonde waardes. Sy glo dit begin by die ouers wat hul rol in hul kinders se lewens koester, tyd saam maak, na mekaar luister en God deel van hul daaglikse lewe hou. Haar wens is dat so 'n gesin die vreugde van saamwees herontdek, die klein dingetjies raaksien en 'n tuiste skep met meer lag, vrede en dankbaarheid, omdat sterk gesinne die volgende geslag en die hele gemeenskap positief beïnvloed.

Vir Angel begin volhoubare impak by klein, alledaagse gebare soos om iemand raak te sien, te glimlag, 'n geselsie aan te knoop en mense welkom te laat voel. Haar damesfliekaand is hiervan 'n voorbeeld; sy hoop dit word 'n jaarlikse instelling waar vroue kan ontspan, lag en nuwe vriendskappe smee. Sy beklemtoon ook dat ons nie altyd iets nuuts hoef te begin nie, maar bestaande goeie inisiatiewe kan ondersteun deur kennis, kontakte en praktiese hulp te deel. In haar huidige lewensseisoen wil sy betekenisvol wees en hoop en sonskyn bring, selfs al ken sy nie almal persoonlik nie, omdat opregte belangstelling verhoudings bou.

Sonder om op die perfekte oomblik te wag, kan sy vandag reeds uitreik, begin beplan aan die volgende damesfliekaand en klein dinge met liefde doen. Sy hoop mense onthou eendag veral die gedeelde oomblikke, lag en saamwees, en stap ná 'n ontmoeting met haar weg met 'n ligter hart. Wanneer mense met 'n glimlag terugdink en beter voel, weet sy dat sy 'n verskil gemaak het. Haar boodskap is eenvoudig: bring die Here in alles in, koester jou gesin, sorg vir jouself, geniet die lewe met dankbaarheid en vreugde, want liefde wen.

LIEFDE • GELOOF • RESPEK
Die fondament van 'n sterk gemeenskap


Angel Otto

MONTE CROUS
RESTAURANT, KROEG & HOTEL

- HAMBURGERS
- PIZZA
- BEESHAAS
- PORTUGESE KOOKKUNS
- SONDAG ETES
- KINDER SPYSKAART
- SPYSKAART VIR HONDJIES
- MENGELDRANKIES
- YSKOUE BIER
- 'CIDERS'
- WYNE
- KOELDRANKE
- MELKSKOMMELS

WAT BIED ONS -

- PRAGTIGE UITSIG
- SWEMBAD
- SPRINGKASTEEL
- SEMINAAR LOKAAL
- INTIEME TROUES
- BOOT UITSTAPPIES

MAANDAE - SATERDAE
08H00 - 22H00
SONDAE
08H00 - 15H00

MADELIEFIE STRAAT 38 - VANDERKLOOF
NOORD KAAP

BESPREKINGS 067 394 0025
www.montecrous.co.za

GREEN-BOX CONSULTING
INTEGRATED ENVIRONMENTAL MANAGEMENT

OMGEWINGSIMPAKBEPALING AANSOEK KENNISGEWING

ORANIA GEÏNTEGREERDE PLUIMVEEPROJEK

Ingevolge die Regulasies insake Omgewingsimpakbepaling (OIB), 2014 (soos gewysig in April 2017), gepubliseer kragtens die Nasionale Omgewingsbestuurswet, 1998 (Wet No. 107 van 1998) (NEMA), soos gewysig, word hiermee kennis gegee van Carel Berharders Smit se voorneme om omgewingsmagtiging te verkry vir 'n voorgestelde geïntegreerde pluimveeproduksie- en verwerkingsontwikkeling.

Aktiwiteitsbeskrywing: Die pluimveeontwikkeling sal die volgende insluit:

- kommersiële braaikuikenproduksie
- eier produksie fasiliteit
- verbranding van biologiese afval
- pluimveeslagpale
- meulfasiliteit
- aanvullende bedryfsgeboue

Ligging van die voorgestelde projek: Gedeelte van Gedeelte 26 van die plaas Vluytjeskraal 272, Orania, Noord-Kaap. Geleë ongeveer 2.7km suidwes van Orania-dorp. Terreinkoördinate is: 29°49'55.41"S, 24°23'11.41"O

Omgewingsmagtiging: Die projek aktiveer aktiwiteite gelys in Lys 1 (GK R 327) van die 2014 OIB-regulasies (soos gewysig in April 2017), gepubliseer kragtens NEMA, en vereis dus omgewingsmagtiging deur die onderneming van 'n Basiese Beoordeling (BB)-proses. Die BB-proses sal tegniese studies en openbare deelname insluit. Die bevoegde owerheid verantwoordelik vir die uitreiking van omgewingsmagtiging is die Noord-Kaapse Departement van Landbou, Omgewingsake, Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming (DLOLG). Die gelyste aktiwiteite vir magtiging sluit in Lysingskennisgewing 1, Aktiwiteite no. 3(i), 5(ii), 8, 27, en 28(ii).

Green-Box Consulting is aangestel as die Omgewingsassesseringspraktisyn (OAP) om die wetgewende prosesse te onderneem en te bestuur. Indien u belangstel om as 'n Belanghebbende en / of Geaffekteerde Party (B&GP) te registreer en kommentaar op die aansoekdokumentasie te lewer, word u vriendelik versoek om u naam en kontakbesonderhede, met 'n aanduiding van belangstelling, tesame met enige kommentaar, aan die OAP te stuur by:

Danie Krynauw, Green-Box Consulting
Posbus 37738, Langenhovenpark 9330
Sel: 082 435 2108 · E-pos: danie@green-box.co.za

Gesoute leier vir nuwe OVR

Die Orania Verteenwoordigende Raad iword elke 5 jaar deur die gemeenskap aangewys. Met die nuwe grondwet word die OVR nou saamgestel deur 8 kandidate (deur die kiesers aangewys) wat die Bugerraad vorm en 2 lede deur elke grondentiteit wat die Gebiedsraad vorm. Vanjaar het die publiek op 4 November kruisies getrek om hulle 8 kandidate vir die omvattende taak te kies. Volgens die Orania Grondwet sal die bestuur verantwoordelikheid opneem om Orania se unieke status in stand te hou en staatkundige ontwikkeling te bevorder.



Dr Carel Boshoff is as die voorsitter van die Burgerraad en Orania Verteenwoordigende Raad gekies.

Koerania het vir dr Carel Boshoff gevra om sy planne vir die OVR te deel:

"Orania se nuut gekose Verteenwoordigende Raad (OVR) staan aan die einde van 2026 voor verskeie nuwe uitdagings. Voordat ons daarna kyk, moet ons eers bestek opneem van die fondamente wat gedurende die afgelope termyn gelê is en waarop daar voortgebou kan word.

Vir etlike termyne sedert die eerste OVR in Desember 2000 verkies is en die eerste rondte onderhandelings gevoer is, het die Raad 'n afwagtende houding ingeneem. Hy moes die gemeenskap polities verteenwoordig, maar dienste is grootliks deur die Dorpsraad gelewer en skakeling is meestal deur die Orania Beweging behartig. Vir baie jare was die OVR 'n politieke plekhouer met betreklik min om te doen. Sedert 2021 het dit egter op die volgende manière verander:

Vorige termyn

Die Raad se sakelys het kwartaallikse sittings vereis, en dikwels spesiale vergaderings tussen-in. Onder Riaan Jacobs se bekwame voorsitterskap is 'n komiteestelsel in werking gestel en het gereelde vergaderings plaasgevind. Om die administratiewe las daarvan te dra, het Marike van Huyssteen as uitvoerende beampte toegetree, iets wat die vestiging van 'n vaste finansiële grondslag vereis het. Dit het Jan Beyers as Penningmeester op 'n konserwatiewe en deursigtige wyse gedoen. Intussen het skakeling met owerhede, meningsvormers en selfs buitelandse ondersteuners danksy Joost Strydom en die Orania Beweging se ondersteuning, grootliks toegeneem.

Op 'n ander front is die Orania Oorlegsone gedurende die afgelope termyn ingestel en het dit die OVR se verantwoordelikhede beter omlyn en vermeerder. Gawie Snyman het dit help deurvoer, en met die vestiging van die Orania Grondgebruiktribunaal onder Cobus Pretorius se leiding het 'n hele nuwe hoofstuk begin. Maar dit alles is tot 'n hoogtepunt gevoer met die aanvaarding en implementering van Orania se nuwe grondwet, ingevolge waarvan die nuwe OVR dan ook verkies is. Jan Beyers het die veeleisende proses bestuur en advokaat Jan van Zyl het die formulering met toepaslike kundigheid behartig.

Benadering

Hierdie agtergrond stel die OVR in staat om 'n benadering te volg wat op twee bene staan, naamlik diensbaar en doelgerig. Daar is 'n ou spreuk in die Afrikanerkultuurwêreld wat lui "om te dien, nie gedien te word nie" en dit is hoogs toepaslik op 'n liggaam wat nie roem en rykdom gee nie, maar toewyding en offervaardigheid vra. Daarby moet die OVR doelgerig wees, want hy kan of wil nie alles vir almal wees nie. Ons politieke beskouing maak nie voorsiening vir 'n owerheid wat alles wil doen en beheer nie, maar wil 'n owerheid sien wat sy beperkte rol voortreflik speel sodat die burgery en instellings vry en voortreflik kan funksioneer. Wat dit beteken, word duidelik as mens die OVR se werksveld onder oë neem.

Werksveld

Om die OVR se werksveld reg te verstaan, is die eerste stap om te sê wat dit nie is nie. Dit is nie die kompetisie om skaars hulpbronne wat met tipiese liberaal-demokratiese politiek verbind word nie. Daarvolgens is belastings en die besteding van belastinggeld op dienslewering die lewensbron van politiek. By ons word ook dienste gelewer – en dit op die hoogste vlak, maar deur diensverskaffers wat volgens hulle eie strukture en kontroles meer transaksioneel funksioneer. Daar is natuurlik raakpunte, byvoorbeeld as dit by grondgebruiksbestuur kom, maar heffings en begrotings is nie die OVR se kerntaak nie.

Die OVR se grootste roeping is na binne die beliggaming van, en na buite die verteenwoordiging van ons vryheidstrewe. Dit is 'n republikeinse perspektief op politiek en dit staan kop en skouers uit bo die gekyf en gekibbel wat liberaal demokratiese politiek kenmerk. Ons praat,



Voor v.l.n.r staan Werner Pereira (Gebiedsraad-sekretaris), Willem van Zyl (Gebiedsraad), Annamarie van der Merwe (Burgerraad) en Lida Strydom (Gebiedsraad). In die tweede ry staan Riaan Jacobs (Burgerraad-voorsitter & OVR-ondervoorsitter), Appie Pienaar (Gebiedsraad), Carel Boshoff (Burgerraad & OVR- voorsitter), Jacobus le Grange (Burgerraad- & OVR-sekretaris), André Jonker (Gebiedsraad), Gerhard Schütte (Gebiedsraad voorsitter) en Pieter Bisschoff (Burgerraad). Janneman Roux (Burgerraad), Frans de Klerk (Burgerraad) en Christo Conradie (Gebiedsraad ondervoorsitter) in die derde ry en agter staan Fanus Becker (Burgerraad-ondervoorsitter & OVR-penningmeester) en Lardus Erasmus (Gebiedsraad). Die beëdigingsplegtigheid van die Orania Verteenwoordigende Raad sal op Woensdag 9 Desember om 19:00 in die Orania Gemeenskapsaal gehou word. Foto: Groeipunt

gegewe ons huidige beperkings, van groeiende selfbeskikking – en ons beoefen dit. En eers teen hierdie agtergrond kan ons 'n goeie beeld op die komende termyn se uitdagings en geleenthede kry.

Uitdagings en geleenthede

Daar is sekerlik meer uitdagings en geleenthede as wat ek hieronder noem, maar die volgende ses staan uit.

Die eerste is Orania se groei oor die afgelope 30 jaar, soms vinniger en soms stadiger. Groeisiklusse as sodanig bring uitdagings mee, want alles waarvan jy te min het as dit opgaan, het jy te veel as dit afgaan. Dit vereis aanpasbaarheid op elke terrein, veral ten aansien van ekonomiese oorlewing.

Orania se bevolkingsgroei is natuurlik 'n teken van sukses en bied op elke ander terrein groeigeleenthede, maat die uitdaging wat suksesvolle inskakeling van nuwe Oraniërs deurlopend inhou, veral ten opsigte van ons vryheidsideaal, durf nie onderskat word nie.

Tweedens het Orania se ooglopende sukses oor die afgelope dekades onlangs Suid-Afrikaanse owerhede se aandag getrek. Hoewel ons geen aanduiding kry dat hulle die gees van "Orania must fall!" deel nie, wil hulle ons graag by al hulle stelsels inskakel eerder as om ons groeiende selfbeskikking te erken.

Derdens sal die skakeling wat dit meebring, uiteraard risikos inhou, maar gelukkig ook geleenthede, soos om ons kwarteeu-oue skikking oor Orania se selfstandigheid verder uit te bou en vas te maak. Vierdens sal 'n gunstige munisipale omgewing, eerder as 'n vyandige een, in die toekoms vir ons belangriker word. Veral die munisipaliteit waarbinne ons as oorlegsone funksioneer, moet tot medewerker eerder as teenstander gemaak word as Orania wil floreer. Dit sal groot eise stel, maar dit lyk nie onmoontlik nie. Vyfdens kan die gebruik wat onlangs gevestig is, naamlik dat die Orania grondgebiede se uitvoerende hoofde ook die OVR se sittings bywoon, groot voordeel vir belyning en strategiese samehang inhou. Dit is 'n gebruik wat nog ontwikkel en ontgin moet word.

Sesdens moet Oraniërs se eie deelname aan en betrokkenheid by ons republikeinse strewe en owerheid verhoog word. Oraniërs kan nie bekostig om in die materialistiese slaggat te val, naamlik dat slegs sake van ekonomiese aard van politieke belangs is nie. As ons beeld van vryheid verskraal sou word tot individuele keusevryheid, sal ons die siel van ons strewe verloor. As ons, daarenteen, ons deur idealisme laat lei, kan ons dieselfde hoogtes bereik wat die beste oomblikke in ons geskiedenis ook gekenmerk het."

Baanbrekerwerk oor Gelofte deur Suid-Afrika se geskiedenis



Johan Vorster sing die lied "Die Gelofte", wat deur hom en Christoph Kotzé (beter bekend as Appel) geskryf is, vir die eerste keer op 16 Desember 2019 tydens die Geloftedagvieringe in die Heldesaal van die Voortrekkermonument. In die agtergrond is dr. Danie Langner wat die diens behartig het. (Foto: FAK-argief)

Dit word beskryf as die mees omvattende en gesaghebbende werk tot nog toe wat die verhaal van die Gelofte van 1838 en die betekenis daarvan deur bykans twee eeue van Suid-Afrika se geskiedenis naspoor. Hier staan ons steeds is 'n baanbrekerwerk uit die pen van dr. Danie Langner, besturende direkteur van die Kultuurtuiste, en 'n toeganklike, moet-lees-reis vir enigeen wat die geskiedkundige, geloofs- en kultuurbetekenis van die Gelofte, asook die hedendaagse relevansie daarvan, beter wil verstaan.

Hier staan ons steeds, 'n luukse hardeband van 373 bladsye uitgegee deur die FAK, is moontlik gemaak deur die LW Hiemstra Trust. Dié grootse werk neem die leser op 'n toeganklike reis vanaf die aanloop tot die Groot Trek, deur die gebeurtenisse van 1838 en die Slag van Bloedrivier, tot by die ontstaan van Geloftedag en die voortgaande invloed daarvan op die Afrikaner se geskiedenis, kultuur- en geloofslewe tot in die een-en-twintigste eeu. Volgens Langner is die boek nie bloot die geskiedenis van 'n enkele gebeurtenis of gedenkdag nie, maar die verhaal van hoe opeenvolgende geslagte die Gelofte onthou, interpreteer, vier en soms bevraagteken.

"Die Gelofte van 1838 is veel meer as 'n enkele gebeurtenis," sê hy. "Dit is 'n goue draad wat deur bykans twee eeue van Afrikanergeskiedenis loop en telkens nuwe betekenis kry namate geslagte dit onthou, ontdek en vertolk.

"Met Hier staan ons steeds wil ek lesers help om die Gelofte binne sy volle historiese, geloofs- en kultuurkonteks te verstaan, sonder om die verlede te romantiseer of dit bloot vanuit die hede af te wys. Ons moet ons geskiedenis met eerlikheid en insig benader, want 'n verantwoordelike begrip van waar ons vandaan kom, help ons om met groter wysheid oor ons toekoms te besin.

"Die boek is ook 'n uitnodiging aan 'n nuwe geslag om self die verhaal te ontdek en te vra wat dit vandag nog beteken, veral met die oog op die 200-jarige herdenking van die Gelofte in 2038."

> *"Die Gelofte van 1838 is veel meer as 'n enkele gebeurtenis.*
> — DR. DANIE LANGNER

fak
tuiste. trots. toekoms.

DIE BOEK

- 373 bladsye, hardeband
- Uitgegee deur die FAK
- Moontlik gemaak deur die LW Hiemstra Trust

10 VRAE AAN... Frans de Klerk

1 Jy is in Orania gebore. Wat is die 3 grootste voordele wat dit tot jou lewe toegevoeg het?

Volgens my skrewe in Voorgrond Julie 2026 (artikel 'Ek is in Orania gebore'): "Juis daarom het ons as kinders die gemeenskap anders beleef as ons ouers. Waar hulle die wording van Orania onthou, onthou ons die lewe daarin. Ons onthou die strate waarin ons gespeel het, die mense wat mekaar geken het, die konserte, die skool en die alledaagse ritme van 'n klein gemeenskap. Dit wat vir buitestanders besonders gelyk het, was vir ons bloot die gewone gang van die lewe. Eers later besef 'n mens dat daardie "gewone" lewe glad nie vanselfsprekend was nie. Dit was die vrug van mense wat bereid was om iets op te bou waarvan hulle self nog nie die volle voordeel sou pluk nie. Ons het grootgeword in 'n werklikheid wat doelbewus deur 'n vorige geslag geskep is – 'n werklikheid wat vir hulle nog hoofsaaklik 'n ideaal was."

Dus, deur in Orania groot te geword het, bied vir my die voordeel dat my kultuur en my vryheidsdrang nie vir my 'n keuse is nie, maar 'n lewenswyse.

2 Wat het jy voor die Orania Beweging as beroep beoefen?

Ek was 'n junior veldtogtebeampte by die FAK en Voortrekkermonument.

3 Wat is die grootste lekkerte as Kommunikasiebeampte by die Orania Beweging?

Grootste lekkerte van hierdie pos is om Orania op prettige en kreatiewe maniere te kan verteenwoordig. Dit is 'n groot verantwoordelikheid en 'n mens moet gereeld onder druk funksioneer, maar dit maak ons suksesse soveel meer waardevol.

4 Wat is 3 vrae wat jy gereeld van potensiële inwoners ontvang?

Vrae wat by uitstek gevra word: "Is daar werk in Orania?" "Is daar vir my verblyf in Orania?" "Wat moet ek doen om 'n Oraniër te word?" Hierdie vrae, wat ons by verre meer as die ander ontvang, spreek van 'n groot belangstelling in ons mense om by Orania betrokke te raak.

5 Wat is die 3 faktore van Orania wat jy tydens 'n gesprek met 'n besoeker uitlig?

(1) Die wortels bepaal die gesondheid van die boom. Moenie kom vir mooi blare of soet vrugte nie. Kom om te help werk aan die wortels. Ons beginsels kom eerste.
(2) Hoe meer onafhanklikheid, hoe meer vryheid. Onafhanklikheid is nie iets wat jy verklaar nie, dit is iets wat jy bou en later erkenning voor ontvang.
(3) Dit is belangrike om te begin as om te perfek.

6 Watter primêre ontwikkeling het Orania nodig om meer inwoners en beleggers te trek?

Orania moet 'n aantreklike ekonomiese sakebestemming word. Orania het reeds bewys dat hy selfstandig kan bestaan met 'n gesonde interne ekonomie. Nou is dit tyd om die volgende tree te gee – om meer ondernemings te vestig en 'n sterk middelklas te vestig. Dit is soos om dit reg te kry om op jou rug in die water te kan dryf om te voorkom dat jy verdrink – maar nou moet jy leer swem. Orania se 35 jaar van sukses is reeds 'n sterk faktor om sakevertroue in ons gemeenskap te vestig. Verdere uitbreiding van residensiële erwe, kantoorspasie, kommersiële erwe, infrastruktuur (insluitend goeie internet verbindings en optiese vesel), opleiding in tegniese vaardighede en professionele dienslewering baan vir ons die weg na ekonomiese groei. Na regte moet Orania met ander munisipaliteite van dieselfde grootte vergelyk word. Wanneer hierdie vergelyking gemaak word, dan is een gevolgtrekking duidelik: Orania doen iets reg.

7 Is daar genoeg fokus op vermaak vir studente en kinders in Orania?

Die verantwoordelikheid van vermaak in enige gemeenskap lê by die privaatsektor. Vanaf die openbare sektor (met ander woorde, die Orania Dorpsraad), is daar min munisipaliteite wat met Orania se skoon strate, besonderse gemeenskapswembad, verskeie parkies en speelrame, erfenisbewaring en oewerfasiliteite kan kompeteer. Hierdie netjiese en toeganklike fasiliteite bied vir elkeen die geleentheid om op kreatiewe maniere self vermaak te vind. Verdere vermaak vir jongmense en studente (soos filmteaters, kuierplekke, klerewinkels, sportklubs, feeste en aktiwiteite) lê by die privaatsektor, gemeenskapsinstellings en individue wat inisiatief neem. Die vraag behoort dus nooit te wees "Doen Orania genoeg om my te vermaak?" nie, maar eerder "Is ek verveeld? Wat gaan ek daaraan doen?"

8 Waar hou jy graag vakansie en waarom?

Al sedert my skoolvakansies sien ek nog altyd uit na Desembervakansies in Orania siende dat daar items op die Orania Beweging se vakansieprogram gelys word wat ek eenvoudig net nie wil misloop nie. Indien ek wel die dorp bietjie wil verlaat, dan is dit om saam met vriende weg te breek. Maak nie noodwendig saak waarheen nie.

9 Watter aanhaling en deur wie het vir jou betekenis?

"Orania is vir die langasems." – Frans de Klerk senior. In my kumulatiewe 21+ jaar in Orania, sien 'n mens verskeie gesigte kom en gaan vir verskeie redes. Deursettingsvermoë vereis opofferings en Orania vereis deursettingsvermoë.

10 Wat is jou persoonlike 5 jaar plan?

Om te ontwikkel en te presteer in my rol by die Orania Beweging. Om te vestig as 'n Oraniër wat betrokke is op verskeie terreine in die gemeenskap. Om beleggingsgeleenthede in Orania te oorweeg. En laastens om my stokperdjie te ontwikkel tot op 'n vlak dat wanneer ek hierdie vraag oor 5 jaar weer gevra word, ek bereid is om te vertel wat daardie stokperdjie is!

FRANS IN KORT

- Gebore en grootgeword in Orania
- Kommunikasiebeampte by die Orania Beweging
- Voorheen junior veldtogtebeampte by die FAK en Voortrekkermonument
- Skryf vir *Voorgrond*



Orania is vir die langasems.

— FRANS DE KLERK SENIOR



KOERANIA

GRONDLYN

Die heerlikheid van Christus straal nuut in ons

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

– dr Wikus Buys

Uit God, deur God en tot God is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in alle ewigheid. Hoe groots om te hoor as die apostel Paulus dit verkondig (Rom. 11:36). Tegelykertyd maak dit ons klein voor God. Dit is een van die pilaar slagspreuke van die Reformasie wat ons juis onlangs op 31 Oktober herdenk het: aan God al die eer en heerlikheid. Maar wat beteken dit regtig vir ons – ook in Orania. Hier waar ons berekend en doelbewus 'n bepaalde pad wil loop en 'n toekoms wil bou, juis met dít in ons hart dat die heerlikheid aan God behoort.

Die heerlikheid van die Here is die Goddelike en hemelse majesteit van God wat in ligglans op die aarde verskyn. Dink maar aan die verskyning van die heerlikheid van die Here aan die volk Israel, die kerk van die Ou Testament, en dat dit soos 'n verterende vuur in hulle oë was (Ek 24:7). Die heerlikheid van die Here is inderdaad 'n verskrikking vir sondige mense. Die heerlikheid van die Here, God as lig, konfronteer elke mens met die donker van die sonde, met die duister van verlorenheid, met die nag van 'n lewe weg van God se aangesig wat straal van lig. Enige volk, ook die Afrikaner, moet rekening hou met die heerlikheid van God se aangesig. Ons moet daarom baie versigtig wees wanneer ons aanspraak maak dat iets van ons met die heerlikheid van God te maak het. Al ons werke, en al ons bedoelings, staan direk in verband met God se heerlikheid. God is lig, en geen duisternis woon in Hom nie (1 Joh. 1:5). Met die middelste kruiswoord, "My God, my God waarom het U my verlaat" is die Here Jesus aan die kruis in die diepste duisternis van die hel. In ons plek



word Hy in die buitenste duisternis gestel, sodat ons ewig in die lig mag lewe. Daarom kan ons as geredde kinders van God niks anders wees as kinders van die lig nie (1 Tes. 5:5). Maar hoe gebeur dit, hoe kan dit dat ons duisternis dan ook lig kan word? Die Bybel leer ons duidelik dat dit deur die werk van die Here Jesus Christus en die Heilige **Gees is.**

God stuur sy Seun sy as die lig na die wêreld. So getuig Johannes as hy sê: 'Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan die kom in die wêreld.' In kort beteken dit dat die lig of óp jou kan skyn óf uit jou kan straal. God se heerlikheid deurstraal alles. Alles wat God geskep het, het maar een ewige doel, om God se heerlikheid te verkondig. Elke mens, elke geslag, elke volk, elke stad en staat word deur hierdie waarheid getref of tot veroordeling of tot verheerliking.

Slegs die wat innerlik deur God die Heilige Gees verander is, ontvang hierdie lig in die binneste. So verkondig Paulus dit in 2 Kor. 4 vers 6: "Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus." So maak God mense nuut tot sy verheerliking. Hierdie vernuwing wat die Woord en die Heilige Gees bewerk is omvattend en sluit al God se werke in. So jubel die Psalmdigter in Ps 104:30-31: "U stuur U Gees uit, hulle word geskape; en U maak die gelaat van die aarde nuut. Laat die heerlikheid van die HERE vir ewig wees, laat die HERE bly wees oor sy werke."

Die nuutheid wat God die Heilige Gees tot stand bring is onweerspreekbaar. Hierdie Hebreeuse woord vir 'nuut' word ook vir die nuwe maan beskrywing gegee, as die begin van die nuwe kalender in die Ou Testament (Eks. 12.2). In die lig van Christus, die son van geregtigheid, beteken dat soos die maan die glans van die son weerkaats, so gee die skepping, en spesifiek die bruid van Christus, die gelowiges, die glansryke heerlikheid van God weer. God se lig weerkaats uit al sy werke, die lig van God se aangesig straal uit die gelowiges se lewe. Hoe heerlik is glans van God se goedheid tog nie in en oor ons nie!. Mag ons in Orania altyd aan dit vashou – in Christus weerkaats die nuutheid van God se heerlikheid in ons lewe en werke. God se heerlike goedheid is elke more vir ons nuut.



Contessa Kruger
– www.herlaai.co.za

OPVOEDKUNDIGE REEKS

Tipes, temperamente en teorieë


KEN JOUSELF.
VERSTAAN ANDER.
'n Sleutel tot beter kommunikasie, verhoudings en effektiewe opvoeding.

Die Choleriese individu word 'n beheervraat!

As gevolg van jul sterk behoefte aan selfwaarde en 'n onderliggende angs vir magtelooheid en kwesbaarheid, is die Choleriese individu instinktief gedryf om beheer van hul omgewing te neem. Hul dominansie dien as 'n verdedigingsmeganisme om te verseker dat hulle nooit deur ander oorheers word nie.

Hul eiewaarde is onlosmaaklik verbind aan prestasie, oorwinning en resultate. Wanneer hulle dus met mislukking, onbevoegdheid of 'n verlies aan beheer gekonfronteer word, sal die vrees vir onbeduidendheid en intense vernedering, onbewustelik sekere negatiewe gedrags partone tot gevolg hê. Hulle sal eenvoudig onsimpatiek, baaspelerig domineer. Hulle sal hiper gefokus raak en mikrobeheer toepas. Hulle sal 'n situasie manipileer tot hulle hul sin gekry het. Dit is onmoontlik vir die Cholerici om te erken dat hul fouteer het en hulle sal alles doen net om nie te se: "Ek is jammer" nie.

Daar is egter hoop: sodra hulle bereid is om te erken dat hulle nie perfek is nie, sal hulle alles in hul vermoë doen om die volmaakte persoon te word wat hulle glo hulle reeds is.



Die noukeurige Melankolikus

Die Melankoliese Temperament se diepste emosionele behoefte is outonomie en eie identiteit. Hulle moet hulle eie persoon wees om selfverwesenliking en outonomie te kan ervaar – vir die rede word hulle gedryf deur 'n soeke na intellektuele insig en diepe besinning. Hulle "kies" nie net om ernstig te wees nie; hul breine is biologies bedraad om kompleksiteit, nuanse en strukturele foute eerste raak te sien. Om mislukking te voorkom en orde te handhaaf fokus hulle instinktief op deeglikheid, hoë standaarde en akkuraatheid; hulle soek onwillekeurig na potensiële risiko's, foute en fyn detail om hoë standaarde te verseker. Dit maak hulle die mees analitiese, reflektiewe en detail-georiënteerde introverte van al vier temperamente. Die Melankoliese individu het ruimte nodig om te kan analiseer, hul kuns te verfyn en hul persoonlike waardes te bewaar. Hulle vrees dit om beheer te word of vasgevang te word. Hulle sien dit as dominering en dit lei tot 'n vrees vir verlies aan identiteit.

Ken jy dalk 'n Melanie… of is jy self een?

Die interieurontwerpprojek wat ek en my vennoot vir 'n prokureursfirma aangepak het, het handuit geruk. Wat as 'n kleinskaalse projek begin het, het ontaard in 'n groot opknappingsprojek waarvoor ons nie toegerus was nie. Melanie het tot ons redding gekom! Sy was self 'n ervare argitek en ontwerper. Tydens ons eerste ontmoeting het sy die regte vrae gevra en seker gemaak dat sy die uitdaging verstaan. Sy het dadelik ons visie vir die projek waardeer sowel as ons behoefte om aan die kleinste detail aandag te gee. Met vaardigheid en presisie het sy die struikelblokke duidelik geïdentifiseer, die planne opgestel en die uitvoering daarvan beplan.

Die implimentering was maklik maar, soos dit met die meeste projekte gaan, duik daar altyd onvoorsiene uitdagings op. Dit het beteken dat ons oortyd moes werk om die sperdatum te haal – en Melanie was daar! Sy moes weke lank sommige van haar eie projekte opsy skuif en het laataande saam met ons gewerk om die projek suksesvol af te handel. Haar onvermoeibare deursettingsvermoë het die projek gered, en die gehalte van die uitvoering was so na aan perfek as wat mens kan kom.

Toe die dag van die groot opening aanbreek, het Melanie geweier om die kollig met ons te deel of om enige erkenning vir die uiters suksesvolle projek te aanvaar.





BAIE GELUK

Willem & Charlotte

30·10·2026

Bruilofsfees… Willem Strauss & Charlotte van Niekerk is op 30 Oktober 2026 tydens 'n pragtige seremonie getroud. Dawie van Niekerk en Reghard Strauss het die huweliksbevestiging by Op die Bult waargeneem.
Foto's: Cherise Barnard



NUUSBROKKIES

KOERANIA SE BLOKKE #973, #993 WORD TANS GETEER!

Op 4 November kondig die Orania Beweging op hul sosiale media platforms aan: Julle het ons binne 24 uur oor die R1-miljoen gehelp! "Bob the Builder" het laat weet, vir elke rand wat julle in die padprojek sit, sit hy OOK NOG 'N RAND BY! Tot R300 000.
Besoek bou.orania.co.za en help Oraniërs om die pad klaar te bou!





Unieke natuurverskynsel

Verskeie persone het die oomblik vasgevang toe dié sirkel om die son gevorm het. Hierdie is Danie Langner se foto wat by die Voortrekkermonument geneem is. Hy skryf: "Vandag is 16 November, presies een maand voor Geloftedag. Die foto's van die ligkring rondom die son is omstreeks 12:00 geneem. Op 16 Desember, presies 'n maand van vandag af, sal dieselfde son om twaalfuur deur die opening in die koepel van die Voortrekkermonument skyn en die senotaaf verlig met die woorde "Ons vir jou, Suid-Afrika."

Registreer jou geleentheid op die vakansieprogram

Lys jou geleentheid op die Desembermaand Vakansieprogram! https://vakansie.orania.co.za/





MENINGS OPNAME

Die Witkruisplanting in Washington, die 1 Desember dag om plaasmoorde te herdenk en die Kruismonument naby Mokopane is alles pogings om die erns en gevolge van plaasmoorde uit te lig. Wat moet, volgens jou, gedoen word om dié misdade te stuit?



Hans van Staden

In die woorde van Vegetius, 'n 4de eeuse Romeinse skrywer"Si vis pacem, para bellum," wat vertaal kan word na "If you want peace, prepare for war" is dit die laaste uitweg van die westerse beskawing. Die term "die pen is magtiger as die swaard" het bewys dat politiek, wette en diplomasie nie jou volk beskerm nie maar wel blootstel aan verval en vreemde idees en maniere. n' Volk kan nie op ander staatmaak vir sy ekonomiese welvaart, sekuriteit en stabiliteit nie. Ons sal moet pa-staan vir ons eie en ons eie bestuur en beskerm.



Pieter Loots

Die bewusmaking van die boosheid van plaasmoorde is uiters belangrik en juis. Dit is egter slegs die uitkalwe van 'n pad na 'n multigeneratiewe, volhoubare oplossing. Die oplossing is minder gewild. Dit behels konsentrasie van 'n eendersdenkende, Christelike, kulturele volk in 'n gebied wat jy domineer en beheer met volkseie arbeid, eie grond en eie instellings.



Christo Muller

Ek glo die oplossing lê nie by net een ding nie, maar by 'n kombinasie van beter veiligheid op plase, sterker polisiëring, vinniger regspraak en gemeenskappe wat saamstaan.
Die belangrikste is dat boere, plaaswerkers en hulle gesinne veilig moet kan leef en werk. Niemand behoort bang te wees om op sy eie plaas te slaap nie.
Hier is wat ek dink prakties gedoen kan word:

- Beter veiligheidsnetwerke op plase
- Sterker optrede deur die SAPD
- Boere moet beter beskerm word
- Die regering moet verantwoordelikheid aanvaar
- Plaasaanvalle moet as prioritietsmisdade verklaar word
- Die gemeenskap moet saamstaan

My persoonlike slotsom:
Ons het 'n tekort aan konsekwente uitvoering, genoegsame hulpbronne en aanspreeklikheid.
Drie dinge behoort dringend te gebeur:


1. Plaasaanvalle moet nasionale prioriteit kry.
2. Daar moet 'n toegewyde ondersoekspan wees wat hierdie misdade ondersoek.
3. Elke landelike gemeenskap moet 'n behoorlike ondersteunde veiligheidsnetwerk hê.

En iets wat ek sterk glo: Ons moet nie wag totdat nog 'n boer, sy vrou of 'n bejaarde persoon vermoor word voordat daar opgetree word nie.



Jaccob Middel

Respek vir lewe (grond, plante, diere en mense) vorm die basis van ons beskawing. Plaasmoorde is uiters gewelddadig en moet as barbaars gesien word . Daar is geen verskoning of regverdiging daarvoor nie, dit geld ook dan teenoor enige persoon! Moord bly moord en behoort sodanig gesien en gestraf te word. Moord of verkragting teenoor enige iemand behoort op geen manier verdra of geduld te word nie. God sien als en weet als. Hy dra die sleutel tot LEWE en Hy gaan rekenskap eis..... weet dit verseker.





Iheuns Wessels

Die werklikheid is erger as 'n skop, skiet en donner fliek. Ek steun werklik al die pogings met witkruise, petisies ens. en ek dink dit het werklik die wêreld bewus gemaak van wat in SA aangaan.
Ongelukkig duur die chaos voort en ons huil elke jaar by nog meer grafte.



Rian Genis

Bemagtig asseblief boere om weer hulself, selfs met wapens te verdedig, sonder vrees vir vervolging.

HULDEBLYK Johan Bothma

Huldeblyk deur Francois van Schalkwyk



23 Mei 1951 – 14 November 2026

Johan Bothma – die oom op die stoep van sy woonstel
Ons in Gannabos woonstelle en in Orania moes afskeid neem van oom Johan. Die stil oom wat altyd vriendelik, behulpsaam en in die besonder, daar was wanneer jy self nie kon regkom met enigiets nie.
Hy was ook ń eggenoot duisend – ons glo dat sy nagelate eggenote, Helena, kan getuig hiervan.
Oom Johan was ń plat op die aarde mens, vol kennis, Hy kon oor enige onderwerp praat.
Wanneer ń mens soos hy heengaan is dit asof ń biblioteek tot niet gaan.
Hy was ń rugby-skeidsregter in sy dae en was ook ń groot sportaanhanger en kenner en het jy hom maar moeilik van sy sportuitsendings weggetrek wanneer dit aan was.

Hy was ń ywerige houtwerkkundige en staan vele van sy werke in Oraniërs se huise wat hy in sy privaattyd gemaak het. Oom Johan het tot onlangs nog by Volkskool en Kieliepensies onderhoudswerke verrig en was die leerkragte en leerlinge lief vir hom.
En ja – oom Johan was met tye knorrig – maar wat verwag jy van ń ou maanhaar wanneer jy met hom sukkel! Ons sal die stil oom mis – hy was nie ń belangrike mens op Orania nie – maar was hy ń baie belangrike gewone mens vir die vele mense wat hom geken het.
Ons innige meegevoel aan Helena en familie vir hul verlies. Ons sal oom Johan verskriklik mis.
RIV oom Johan.





'n Meisiekind in pienk… Mamma Crystal en pappa Jannie Scholtz spog graag met hulle fyne toevoeging tot die gesin. Teresa Tarina Scholtz is om 16:42 op 12 Oktober 2026 gebore. Sy het 3.115kg geweeg toe sy by Lenmed in Kimberley gebore is.

BAIE GELUK!
aan die Scholtz-gesin

WELKOM
TERESA
Teresa Tarina Scholtz

GEBORE	12 Oktober 2026
TYD	16:42
GEWIG	3,115 kg
PLEK	Lenmed, Kimberley
OUERS	Crystal & Jannie Scholtz

'N MEISIEKIND IN PIENK

Bo-Karoo Opleiding - praktiese prestasies

Praktiese opleiding in die lieflike karoo kan jou studentkind vir 'n blink toekoms voorberei



Skenking van CBi-electric: low voltage help om toekomstige elektrisiëns prakties toe te rus
Die opleiding van vaardige elektrisiëns begin lank voordat studente die werkplek betree. CBi-electric: low voltage ondersteun hierdie proses met 'n skenking van elektriese komponente aan Bo-Karoo Opleiding (BKO), wat gebruik sal word om nuwe toetsborde vir elektriese opleiding te bou.
Wat dié bydrae besonders waardevol maak, is dat studente die toetsborde self bou. Hulle kry dus eerstehandse ervaring met die produkte en leer hoe die komponente in die praktyk toegepas word. In 'n beroep waar tegniese kennis en praktiese vaardigheid hand aan hand gaan, bied hierdie blootstelling waardevolle voorbereiding vir die werkplek. Hierdie skenking is 'n konkrete belegging in jongmense wat hulle as elektrisiëns bekwaam, asook in die ontwikkeling van die vaardighede wat die bedryf nodig het.
BKO waardeer vennote wat die waarde van gehalte opleiding raaksien en bereid is om in die volgende geslag Elektrisiëns te belê.



Praktiese kennis vir 'n sterker boerderytoekoms!
BKO se tweedejaar Landboustudente het onlangs 'n waardevolle wolklasseringkursus bygewoon, aangebied deur OVK.
Deur praktiese opleiding en die deel van kundigheid kry ons studente die geleentheid om hul kennis uit te brei en vaardighede te ontwikkel wat hulle in die landboubedryf kan toepas.



BKO IN AKSIE
1. CBi-electric skenk komponente vir nuwe toetsborde
2. Landboustudente voltooi OVK-wolklasseringkursus
3. Tuisversorging bederf Karoosig Ouetehuis

'n Bietjie bederf wat 'n groot verskil maak!
Ter viering van Bejaardeweek het ons Tuisversorging-studente vir ons tannies en ooms by Karoosig Ouetehuis met hand- en voetmasserings bederf. 'n Bietjie tyd, sagte hande en opregte aandag kan iemand spesiaal en waardevol laat voel.



Bestuurskapasiteit begin by jouself

ORANIA SAKEKAMER

Tony Correia

Die Orania Sakekamer het op Vrydag 6 November 2026 sy jongste sakeontbyt gehou. Die spreker was Johan Janse van Rensburg, uitvoerende hoof van die ALS Groep in Potchefstroom, en sy onderwerp was bestuurskapasiteit.

Johan is al sowat drie dekades by die groep, wat hy van die werkvloer af as werktuigkundige leer ken het. Die ALS Groep is bedrywig in landbou, konstruksie, mynbou en eiendomsontwikkeling.

Volgens hom is niemand regtig selfgemaak nie: iemand het jou altyd 'n kans gegee of in jou geglo. Daarom wil hy die pad vir ander entrepreneurs gladder maak.

In die Sakefokus-onderhoud van 11 November het Johan dié praktiese wenke gedeel:

"Begin by jouself. Die een ding waaroor jy volle beheer het, is jy. Kyk elke dag met vars oë na jouself en hoe jy jouself toerus. Jou besigheid kan nie groei as jy agterbly nie, so pas jou gesondheid op, lees en bly leergierig.

Stel mense aan wat beter is as jy. Johan het besluit om self "die domste" te bly en slimmer mense aan te stel, van die werktuigkundige en IT-persoon tot bemarking, administrasie en die boekhouer. So skuif jy van die plafon na die vloer, en kan die besigheid bo-oor jou groei.

Bou en ken jou stelsels. Stelsels hou alles bymekaar, van kwotasies en fakturering tot voorraad, personeel en bemarking. Moenie daarop spaar nie: as iets breek, wys 'n goeie stelsel jou vinnig waar die probleem is.

Maak sin van jou inligting. Data is volop. Die suksesvolste ondernemers trek dit sinvol in 'n stelsel in wat net uitlig wat saak maak."

Luister na die volledige onderhoud, waarin Werner Fourie met Johan gesels:
https://open.spotify.com/episode/7ed5W7BtySiukFyFB0euPI

Vir enige sakekamer navrae kontak admin@oraniasakekamer.co.za of 060 547 9585.





Johan Janse van Rensburg spreek sakekamerlede toe.

ORANIA DAGBOEK

November
20 Koerania Uitgawe 36
21 Oppihoef Spogkonsert
28 Kersliedere @ kerslig

Desember
7 Stadsbouer word aangewys
11 Koerania Uitgawe 37
16 Geloftedag
18 Klein Reus Fees
19 Trampolienkompetisie
25 Kersdag
26 Welwillendheidsdag

Registreer jou geleentheid op die vakansieprogram
Lys jou geleentheid op die Desembermaand Vakansieprogram! https://vakansie.orania.co.za/

Stuur jou gebeure se volledige inligting na advertensies@koerania.co.za

Orania Dagboek word met trots geborg deur
Portfire
Privaat Portefeuljes | FSP 50779
Maryna de Klerk
Makelaars BK
FSP 14913
Sel: 067 777 7772 | E-pos: info@portfire.co.za

Karoosig
aftree-oord | ORANIA
VAKANTE POS:
Versorger
Pierre Fourie
bestuurder@karoosigaftreeoord.co.za

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys
Regsoplossings wat jou leefwêreld verbeter
- Advies met verkoop van eiendom
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Notariële waarmerkings
- Algemene regsadvies
- Eiendomsreg
- Testamente
KONTAK ONS VANDAG NOG!
Tel: 012 941 9239 • E-pos: admin@hurterspies.co.za



Stuur jou nuuswenke, stories, briewe of foto's na redakteur@koerania.co.za

Ons Paradys Tuinuitdaging 2026

Karin Buys

Uiteindelik het die mooiste, mooiste maand Oktober aangebreek en die Tuinkompetisie vir 2026 het ten einde geloop. Die mooiste tuine, grasperke en groentetuine het die beoordelaar begroet. Daar was van die kleinste Sakpastuine tot tuine wat bykans vir parke aangesien kan word. Dit was vir die beoordelaars 'n groot voorreg om elke tuin te besoek en die entoesiasme waar te neem waarmee die liefde vir tuinmaak in alle eenvoud en versorging uitgebeeld word.
Bewoon, bewerk en bewaak word voorwaar in Orania tot uiting gebring.
Die wenners sal op Dinsdag 8 Desember by 'n spesiale geleentheid bekend gemaak word. Hou Koerania dop vir die wenners.

WENNERS BEKEND

DINSDAG 8 DESEMBER

Hou Koerania se sosiale media platforms dop!






















Foto's: Verskaf
'n Paar van die deelnemers se tuine is tydens die beoordeling afgeneem.

"

BEWOON, BEWERK EN BEWAAK

... word voorwaar in Orania tot uiting gebring.







SPORT GIDS

Al die sportklubs en -klasse in Orania – kontak die afrigters direk.



AMATEURSTOEI
Tinus van Dyk **073 169 3505**
Willem Strauss **079 299 0631**
Di & Do
Laerskool (ouer as 5): 16:00–17:30
Seniors: 16:00–18:00
H/v Olienhoutrylaan en Ysterklipstraat

ATLETIEK
Orania Atletiekklub
Christo Muller **083 628 0272**
Tydtoets elke Woensdag: 4 km vanaf Gemsbok Instituut – 18:00 (somer), 17:30 (winter). Tye word vir die ranglys geneem.

BOOGSKIET
Koedoe Boogskiet Akademie
Willem Jacobs **083 661 9707**
Dinsdae 16:00 · Telegram: Koedoe
Gratis opedag maandeliks

DANS & MODELWERK
J'Elan Dans & Modelakademie
Akrobaat / Hip-hop / Modern / Ballet
Opleiding in modelwerk
Janél Cornelius **068 589 9227**
Eie ateljee – Topaasstraat 33
Ma–Vr · kontak ons vir meer inligting

FIETSRY
Orania Fietsryers
Dewald Otto **084 438 9563**
WhatsApp-groep beskikbaar
Groepritte Dinsdagmiddae en Saterdagoggende

GIMNASTIEK
Ritmiese Gimnastiek, Pom-poms en Strek
Michelle Jacobs **082 340 0265**
Saamstaan Sentrum
Ma–Vr 13:30–18:00

JUKSKEI
Volkskool Orania Jukskeiklub
Linda Cummings **079 050 4563**

KARATE
Tenshinkan Karate Orania
Henk Steyn **076 790 8843**
Volkskool Orania
16:30–17:30

KIRSTEN BALLETSKOOL
Klasse vir alle ouderdomme
Eldien Kirsten **076 712 7801**
Granaatsteen Eggo (agter Klein Reus se Niggie)

MUURBAL
Johan Scholtz **076 859 8082**

PAALDANS & LUGNASTIEK
Yoraldé Grotius **082 065 8593**
Saamstaan Sentrum
Ma & Di: 16:00 Lugnastiek · 17:00 Paaldans
Wo: 16:15 & 17:15 Paaldans
Do: 16:00 Kondisionering

PERDRY
Orania Perdryskool
Jessica Bornman **082 823 2541**
Oewerlaan

PILATES VIR DAMES
Di & Do om 06:30 of 07:30
Eldien Kirsten **076 712 7801**
Granaatsteen Eggo (agter Klein Reus se Niggie)

PLUIMBAL
Koos le Grange **083 568 703**
Gemeenskapsaal
Tye wissel

ROLBAL
Orania Rolbalklub
Voorsitter: Francois van Schalkwyk
073 089 1604
francoisvs57@outlook.com
Nuwe rolbalbaan tans onder konstruksie

SPORTKLUB
Rugby, Nethal en Hokkie
Hendri Labuschagne **072 453 5577**
Marike Labuschagne **072 604 2564**

SPORTSKIET
Orania Sportskiet
Johan van Loggerenberg **079 335 1621**

SWEM
Hester Botha **082 093 4352**

TENNIS
Willie Steenkamp **082 490 4935**
Orania Tennisbane, Pérellaan
Saterdae 16:00

BLY AKTIEF, ORANIA!
Daar is 'n sport vir elke ouderdom.





KOERANIA

083 726 1180
redakteur@koerania.co.za
ORANIA - NOORD-KAAP

KOERANIA Sport



Dansskole se dansfees laat tyd stilstaan

Organiseerder, Michelle Jacobs, eienaar van die Oranjerivier Gimnastiekklub het in samewerking met Lana Maree van die Weltevreden Dansakademie, Yoraldé Grotius van Koeksuster Kuns en Eldien Kirsten van die Kirsten Balletskool het saamgespan om 'n unieke danskonsert aan te bied.

Michelle vertel: "Ek het so lank gedroom van 'n gesamentlike konsert waarby al die dansskole van Orania betrokke kon wees. Dit was 'n fees om dit saam te stel en te choreografeer."

Toeskouers het lof uitgespreek oor die kreatiwiteit, vernuf en verskeidenheid danse wat uitgevoer is. Daar word uitgesien na 2027 wanneer daar weer 'n geleentheid aangebied sal word.















VANUIT DIE GEHOOR

Uitmuntende vertoning. Uitstekende choreografie, goeie tegniese uitvoering. Al die harde werk het geskitter. Baie geluk met 'n puik optrede.

- **Annelize Kruger**

Uitstekende waarde vir geld. Vir net R50 kon ons 'n goed gechoreografeerde danskonsert kyk wat baie professionele dansers in die stede sou kon laat les opsê. Puik!

- **Lize Schlebusch**

Onmoontlik om in een sin op te som maar as ek moet sal ek elke ouer van Orania aanraai en aanmoedig om by OGK aan te sluit...die vertoning was asemrowend en het gesorg vir vermaak uit die boonste rakke. Die kinders se selfvertroue op die verhoog was tasbaar. Welgedaan almal.

- **Jonathan Murphy**

Dit wat ons Saterdagaand gesien en beleef het was uitstaande. Met die besef hier is soveel talent in ons klein gemeenskap. Maar ook vir die organiseerder 'n tien ster om met klein kinders en grootmense so 'n fantastiese aand te kon reël.

- **Johan en Judy De Bruin**

Die energie en selfvertroue van ons jongmense op die verhoog was aansteeklik en heerlik om te beleef! 'n Keurige program en iets vir elke smaak. Welgedaan!

- **Lida Strydom**



